**I.M.S.**
**Vol. I, No. 38**

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
14 MAR 1963
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY

**MUNISIPALITEIT** **MUNICIPALITY**

**STELLENBOSCH**

Kantoor van die Burgemeester,
STELLENBOSCH,
14 Desember 1962.

## PAARLSE WINGERDFEES

Die Stadsraad van die Paarl is besig om in samewerking met ander instansies 'n groot wingerdfees te reël in Februarie 1963, min of meer soortgelyk aan die een wat 'n aantal jare gelede gehou is.

Aan ons is 'n uitnodiging gerig om 'n wingerdnooientjie aan te wys wat Stellenbosch by die groot fees sal verteenwoordig. Graag maak ek bekend dat die keuse op mej. Reneé Roux, dogter van mnr. en mev. Kobie Roux, geval het.

Ons hartlike gelukwense gaan aan haar en ons weet dat sy ons dorp op 'n mooi en waardige wyse daar sal verteenwoordig.

## DIE STADHUIS

Dit het nodig geword om die Stadhuis van buite behoorlik op te knap sodat dit op sy beste kan vertoon. Dit is 'n groot werk. Elke vierkant duim van die buitemure moet sorgvuldig skoongemaak word en alle ou verf moet verwyder word sodat die nuwe P.V.A.-verf behoorlik kan vat. Die Raad het gemeen dat dit die betreklik hoë koste sal regverdig en dat die gebou oor die volgende 5 tot 7 jaar sy mooi voorkoms sal behou.

Kiaathout is baie mooi, maar dit moet ook skoongemaak en geolie word. Die verfwerk moet die aanvalle van die son, reën en stof weerstaan en dan is daar natuurlik nog ons ou vriende — die duiwe — wat 'n groot oorlas is.

## DIE BRUGSKEMA BY DU TOITSTASIE

Die Raad is in kennis gestel dat die Staande Komitee insake Spooroorgange besluit het om die bovermelde skema

wat die teenswoordige spoorwegoorgang ten noorde van Du Toitstasie sal vervang, in hul program van werke vir die boekjaar 1963/1964 in te sluit. Die Spoorwegadministrasie sal waarskynlik binnekort voorstelle doen in verband met die indeling van die verwagte uitgawe. Dit is nie nodig om hier te beklemtoon watter verbetering dit sal meebring as die skema eers tot uitvoering gekom het nie. Ons onthou nog die ongerief wat ons moes verduur voordat die Adam Tas-brug gebou is, dit afgesien nog van die potensiële gevaar wat sulke oorgange skep.

**BEHUISINGSAKE**

Gelyktydig met die voorbereidende werk vir die aanbou van huise vir Kleurlinge, is die Raad besig om ondersoek in te stel na erwe wat onmiddellik vir Blanke behuising beskikbaar gestel kan word en wat nie alte duur sal wees nie.

Op die vergadering van die Raad van Dinsdag, 11 Desember 1962, het 'n sub-komitee hieroor gerapporteer en dit het geblyk dat, afgesien van die Uniepark-onderverdeling, 'n aantal erwe elders in die dorp vir verkoping beskikbaar gestel sal kan word. Ons hoop om vroeg in 1963 meer hieroor mee te deel.

**OORPLASING VAN BANTOES NA KAYA MANDI**

Die publiek is bewus daarvan dat daar nog 'n aantal Bantoes in ons dorp woonagtig is, onder andere, by sommige van ons koshuise. Dit het die afgelope tyd vir ons moontlik geword om 'n hele aantal van hulle na Kaya Mandi oor te plaas.

Die proses gaan nog voort en ons hoop om hulle mettertyd almal uit die dorp te verwyder.

**WINDBUKSE**

Daar is klagtes ontvang dat veral kinders binne die dorpsgebied met windbukse skiet. Lede van die publiek voel verontrus en ek wil graag 'n beroep doen op almal om nie die Wet te oortree nie.

**EIENDOMSBELASTING VIR 1963**

Die Raad het op 11 Desember besluit om 'n belasting van 0.83c in die Rand vir die jaar 1963 te hef — dus dieselfde as wat vir 1962 bepaal was.

Die belasting sal betaalbaar wees vóór of op 15 Maart 1963.

**DIE UNIVERSITEITSWEMBAD**

As gevolg van dringende reparasie- en verbeteringswerk wat gedurende die vakansie gedoen sal moet word, sal die

swembad hierdie jaar nie tot die beskikking van die publiek gestel kan word nie. Dit spyt die Raad, maar daar is ongelukkig niks aan te doen nie.

W. C. DEMPSEY.

---

21st December, 1962.

**THE APPROACHING END OF THE YEAR 1962**

The year 1962 is fast drawing to its close. It has been an eventful one for the Municipality. Matters of outstanding importance are the proclamation of the Group Areas, which has given housing a new impetus, the reconstruction and extension of the sewage disposal works, the electricity supply high voltage change-over and the approval of the Union Park Township.

The news that the road over rail bridge at Du Toitville is to be built, has already been mentioned. This last item will lead to an almost complete transformation of the Du Toitville area, as it will bring with it the new scheme for the main roads in that area.

Many new buildings have arisen, existing townships are filling up — a sign of our town's steady growth.

Whereas it is the object of the Council to encourage development of Stellenbosch as a town pleasant to live and work in and provided with all modern amenities, it adheres to its policy of preserving its unique character and what has been called the "old world" atmosphere of the old parts of the town, which happen to accommodate the major part of the business activities which do not stand still.

It is with regret that we have to take leave of two old landmarks — namely the Mill, the site of which has been bought by Messrs. O. K. Bazaars, and secondly Wilgenhof, as we have known it. In both cases demolition, so I am informed, is imminent. So many have passed through Wilgenhof and especially those who have seen a place once bustling with youthful life standing deserted and forlorn awaiting the end, have been profoundly touched.

**GRADUAL REPLACEMENT OF BANTU LABOUR BY COLOURED LABOUR IN THE WESTERN CAPE**

On instructions by the Minister of Coloured Affairs, local Committees will be created to assist the public Committee in connection with this problem.

The local Magistrate has been asked in consultation with local authorities, farmers' associations and others, to submit

names of persons, associated with these organisations who are prepared to serve on the local Committee in their personal capacity and to take part in the carrying out of the declared policy of the Government regarding this matter.

The Council has nominated Councillor C. F. D. Smit, who, I am glad to say, is making great strides towards recovery after his recent operation.

**THE NEW YEAR**

The Mayor, Clr. S. W. J. Liebenberg, who has been holidaying in Italy for the last two weeks, is expected to arrive here on 11th January, 1963.

I am sure that in saying "welcome back to Stellenbosch", I am expressing the heartfelt sentiments of our community and that he will have much of interest to tell us on his return.

What with the Mayor's return, this will be the last Mayoral Review which I shall have the privilege of issuing and I have pleasure in making use of this opportunity to wish all the people of Stellenbosch a merry Christmas and a happy New Year.

For our town of Stellenbosch I wish that with the support of its people and the Councillors they have elected, it will develop and prosper, retain and augment its beauty and so consolidate more and more the position it holds of being regarded as one of the gems amongst the towns of our country.

In preparing to hand over to the Mayor, I gladly acknowledge, with sincere appreciation, the support I have enjoyed not only from the Councillors and the public, but also from the staff.

It would be foolish to expect unanimity of opinion on all matters, in fact strong differences can arise. That such differences are dealt with with courtesy and understanding and without bitterness, has been a tradition of the Council.

I am confident that, in the interest of our town, the welfare of which we truly have at heart, this will always remain so.

W. C. DEMPSEY.

---

11 Januarie 1963.

**DIE AANVANG VAN DIE MUNISIPALE JAAR 1963**

Die jongste berigte van die Burgemeester, raadslid S. W. J. Liebenberg en mev. Liebenberg, is gunstig in alle opsigte. Daar is eers verneem dat hulle skip, die „Africa", as gevolg

van 'n staking vertraag sou word, maar blykbaar is dit tog die bedoeling om passasiers op 11 Januarie 1963 in Kaapstad aan wal te sit. Dit gee mnr. Liebenberg geen geleentheid om 'n rubriek op te stel nie en dus tree ek weer in die bres, ongeag wat ek in die vorige rubriek gesê het.

Nogmaals heet ek uit naam van die Raad en ons samelewing mnr. en mev. Liebenberg hartlik welkom met hul terugkeer na Stellenbosch. Daar sal baie te vertel wees aan weerskante.

Die eerste volle Raadsvergadering vind op 29 Januarie 1963 plaas wanneer baie van die raadslede wat tans afwesig is, al weer op Stellenbosch terug sal wees. Intussen het die Komitee wat die Raad aangestel het om sake gedurende die vakansietyd waar te neem, 'n paar keer vergader om dringende sake af te handel.

Die munisipale skemas waarvan ek in die vorige rubriek melding gemaak het, vorder bevredigend by die Munisipaliteit self en by die verskillende instansies wat ook daarmee gemoeid is. Veral wat betref die brug oor die spoor by Du Toitville wil dit voorkom asof baie bevredigend gevorder word.

Die drastiese verandering wat, alhoewel dit lank voorberei is, oornag, d.w.s. om middernag 31 Desember 1962, plaasgevind het, is die oorname van die kerkhowe deur die Munisipaliteit. Dit beteken nou dat alle reëlings vir begrafnisse gedurende gewone kantoorure by die kantoor van mnr. D. P. Joubert, ons Hoofgesondheidsinspekteur, getref moet word. Buite kantoorure, kan mnr. Brynard, wat deur die Raad as Begraafplaasopsigter aangestel is, genader word. Sy telefoonnommer is 4172.

Besonderhede omtrent die tariewe wat vir hierdie nuwe munisipale diens bepaal is, is in die Provinsiale Koerant van 21 Desember 1962 onder die hoof „Addisionele Begraafplaasregulasies" afgekondig. 'n Afskrif van hierdie afkondiging is ook aan die Redakteur van Eikestadnuus beskikbaar gestel aangesien hy blykbaar ook heelwat navrae ontvang, en ek laat dit aan mnr. Uys oor om, in geval hy dit wenslik ag, dit in sy geheel te publiseer, of vir sy doeleindes beskikbaar te hou. (Ons sal hierdie Regulasies volledig plaas. — Red.).

Daar moet verder in aanmerking geneem word dat die Raad besluit het dat in die geval van sterfgevalle buite die munisipale gebied, waar die begrafnisse in ons kerkhowe plaasvind, op die tariewe 'n toeslag van 50% betaal sal moet word.

**VERSKAFFING VAN BANTOEBIER**

Dit word vir algemene kennis bekend gemaak dat Bantoebier nou beskikbaar is by die munisipale dranklokaal, Kaya

Mandi, en dat voorsiening gemaak is vir die verkoop van Bantoebier aan die publiek.

**100 JAAR GELEDE**

Die volgende is die notule van die laaste Raadsvergadering in die jaar 1862:

**"Tuesday, 30th December, 1862.**

Present Messrs. P. J. Bosman, Wege and Van der Byl.

The resolutions of the last meeting were read and signed.

1. The Market Master produced his book from which it appeared that the dues received by him from the 13th till the 27th instant amounted to £1 17s. 5½d. Pound dues during same period 1/-. Resolved as usual.

2. The Secretary submitted for approval the following bills:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Salary Market Master - - - - | £5 | 0 | 0 |
| Wages to cartdriver - - - - - - | £4 | 0 | 0 |
| Labourers up to 20th December - | | 18 | 6 |
| Labourers up to 27th December - | £1 | 6 | 0 |
| Carthire - - - - - - - - - - | | 6 | 0 |

Payment authorised.

The Secretary produced the minutes of a Meeting of Resident Householders held on Tuesday, the 23rd instant, convened for the purpose of assessing the amount of rates on the immovable property situate within the Municipality for the year ending 31st August, 1863 (vide Res. No. 4 of the last meeting) from which it appeared that a tax of one half penny in the pound was voted to meet the expenses of the Municipality, and one farthing for the support of four additional constables in accordance with the Act No. 15 of 1857.

Resolved to have this recorded.

4. Resolved to allow the Secretary and Treasurer 7½ per cent on all water rates and disbursements collected by him for the past and future years.

5. The Secretary stated that he had reduced the promisory note of £200, discounted by him to the Stellenbosch Bank on account of the Municipality on the 13th day of August last, by renewing the same to the amount of £175 and paying of in part £25 and interest.

Resolved to approve thereof."

Geteken: P. Bosman
F. v.d. Byl
C. Wege.

Op 13 Januarie 1863 het geen Raadsvergadering plaasgevind nie.

Op 27 Januarie is aan die Tesourier £12 9s. uitbetaal vir "his percentage on water rates collected by him during the year 1862".

W. C. DEMPSEY.

---

18th January, 1963.

AFTER months abroad packed with wonderful and most interesting experiences, Mrs. Liebenberg and I have found that there is no greater joy than coming home to South Africa and to our town of Stellenbosch.

We are indeed glad to be back and to have enjoyed the warmth and the kindliness of the welcome extended to us on our return. We wish to thank Mr. Dempsey who acted as Mayor during my absence on leave from the Council for what he has written in the Mayoral Review and with him the Council and our community.

I look forward with pleasure to helping to solve the problems that the year 1963 will present. About my experiences and impressions I shall talk to the Editor of the Eikestadnuus who may decide to include a reference to them in his paper.

I have followed developments at Stellenbosch as closely as circumstances would permit and I was gratified to see that progress has been made in a number of fields, including the preparations for the provision of further housing which is so urgently needed and to which our efforts must be devoted in the first place.

I was particularly impressed by the determination with which the site of the future Union Park Township is being cleared by the powerful machinery employed by the contractors, offering early prospects of the pegging of the building plots and their sale in the not too distant future. It was also a pleasant surprise to see how far the concrete work on the road over the rail at Vlottenburg had progressed — soon, I am assured, to be followed by a similar bridge at Du Toit Station.

At the time of our return the heat was very great, and my thoughts turned to the possibility of mountain and veld fires. I was delighted to hear that this year no such fires have occurred. I would like to assume that this is due to the growing appreciation of the need to exercise care and to co-operate in every way with those who make it their duty to prevent the havoc caused by these fires.

Since then, however, to everybody's sincere regret, the residence of Prof. B. B. Keet in Jonkershoek Road has been destroyed by fire. It was evidently struck by lightning during the afternoon of Tuesday, 15th January, 1963.

According to the official report the fire brigade was notified at 5.45 p.m. by the observer on the look-out at Papegaaisberg and surprisingly enough not by residents in the neighbourhood, which may have caused the loss of very valuable minutes in the initial stages of the fire (which occurred at a time when the members of the brigade were scattered and probably on their way home).

The brigade arrived on the scene at 5.50 and was in action within a further few minutes. Unfortunately it was already too late to save the thatched roof building, where the initial first few minutes are so terribly important. The thatch, after the heat of the preceeding days, was naturally bound to be highly combustible. I am satisfied in my mind that as far as the brigade was concerned there wat no hitch. It has also been reported to me that there was marvellous cooperation from the side of the neighbours and the public in general. Every effort was made to save as much of the furniture and the personal possessions of the owner.

I gladly pay tribute to the wonderful spirit and helpfulness which was displayed even at the risk of personal safety.

Whereas the Council's fire brigade equipment is considered reasonably adequate to deal with fires experienced normally, the Council is aware of the fact that with the growth of Stellenbosch and the erection of very large multistoried buildings the future may demand better equipment. For this reason tenders were already invited in December for additional equipment including a new fire engine of practically double the capacity of the main existing fire unit.

In the case of all fires the behaviour of the public plays a great part and under no circumstances should those who are inevitably attracted to the scene of a fire obstruct the activities of the brigade and its helpers. This refers particularly to the cluttering up of any path of access to the scene of the fire and the occupation of space which the brigade and its helpers require to be able to operate.

A first reaction is often to first rush to the scene of the fire — with the very good intention of helping as much as possible. This occurrence has, however, once again emphasised the absolute necessity to telephone the fire brigade immediately, before doing anything else.

In conclusion I would like to take this first opportunity which I have personally of wishing all the people of Stel-

lenbosch a happy and prosperous new year, a wish that Mr. Dempsey, while acting in my place, has already given expression to.

S. W. J. LIEBENBERG.

---

25 Januarie 1963.

**TERUG OP STELLENBOSCH**

Na al die indrukke van die afgelope maande ondervind ek dat dit nogal tyd eis om op hoogte te kom van al die ontwikkelings wat plaasgevind het. Ek is diep onder die indruk van alles wat gedurende my afwesigheid deur die Raad gedoen is en ek voel dat ek my plig sou versuim as ek nie die Onder-Burgemeester, raadslid W. C. Dempsey, en ook raadslid prof. dr. J. C. de Wet hartlik bedank nie vir wat hulle gedurende die tye wat hulle as Waarnemende Burgemeester opgetree het, presteer het.

Ek het in my vorige rubriek my dank uitgespreek vir die vriendskap en liefde waarmee mev. Liebenberg en ek by ons terugkeer ontvang is. Noudat ek die geleentheid het om terug te dink, wil ek graag veral ook uit naam van mev. Liebenberg, al diegene van harte bedank wat hulle belangstelling getoon het by geleentheid van ons vertrek. Ons kon dit byna nie glo nie, toe ons die blomme en vrugte en ander blyke van vriendskap in ontvangs geneem het nie, en ons was ten diepste aangedaan. Hiervoor ons innigste dank.

**SUID-AFRIKA SE BLOMMEJAAR 1963**

Dit is aan die munisipaliteit meegedeel dat die Botaniese Vereniging van Suid-Afrika en die Jeugweek-blommeskoukomitee besluit het om 'n spesiale afdeling vir kinders, 18 jaar en onder, tydens die Veldblommeskou in die Nywerheidsaal, Goodwood se Skougronde, op 19 en 21 September 1963 te hou.

Hierdie afdeling sal nie slegs tot kinders van lede van die Botaniese Vereniging beperk wees nie, maar sal alle kinders insluit. Dit word beklemtoon dat die reëls wat op die Botaniese Vereniging se skou van toepassing is, ook hier sal geld, te wete alle uitstallings mag slegs gekweekte blomme wees. In dié geval kan uitstallings deur die deelnemers self of deur hul familielede gekweek wees. (Inskrywings sal deur ouers of onderwysers gesertifiseer moet word.)

Die Ere-Sekretaresse van die Botaniese Vereniging van S.A. en die Jeugweek-blommeskoukomitee laat weet dat ten einde die gewildheid van die onderneming vas te stel en die nodige reëlings te tref, dit innig waardeer sal word as die-

gene wat voornemens is om aan die skou deel te neem, 'n strokie wat by die mededeling geheg is, so spoedig moontlik sal voltooi sodat die program-gegewens en inskrywingsvorms vroegtydig vir die skou gedurende September aangestuur kan word. Verdere gegewens is beskikbaar in die munisipale kantoor en ek neem graag die geleentheid waar om ons jeug aan te moedig om te toon waartoe hulle in staat is en om Stellenbosch op hierdie gebied te verteenwoordig.

Daar sal natuurlik met die Tuinbouvereniging in hierdie verband geskakel word.

**DIE BRAND OP 15 JANUARIE 1963**

Ek het met leedwese waargeneem dat wat ek in die vorige rubriek gesê het, by sommige van ons medeburgers 'n indruk verwek het wat ek glad nie bedoel het nie, naamlik 'n mate van verwyt dat hulle nie dadelik die brandweerstasie in kenins gestel het nie. Ek het hoegenaamd nie bedoel om iemand te verwyt nie, maar ek het eintlik gewonder wat werklik gebeur het, want oor die algemeen is mense, veral bure, nie traag om die brandweer in kennis te stel nie. Ek herhaal nogmaals dat ek dit ten volle waardeer hoe hulpvaardig almal opgetree het.

Ek hoop dus dat die misverstand opgelos is. Een van die wense vir die jaar 1963 is dat ons dorp sulke rampe gespaar sal bly.

**DIE BOEKJAAR 1963**

Alhoewel dit reeds aan die meeste belastingbetalers bekend sal wees, herinner ek nogmaals dat die jaarlikse heffings ten opsigte van water, riolering en vullisverwydering betaalbaar is op 1 Maart 1963. Dit is die laaste dag waarop die netto bedrae ontvang mag word. Daarna word 'n toeslag gelykstaande aan 1% per maand geëis.

Die eiendomsbelasting is betaalbaar op 15 Maart, maar daar word 3 maande uitstel toegestaan. Die laaste dag vir betaling van die netto belasting is 14 Junie 1963. Daarna moet rente teen 7% op onbetaalde belastings betaal word, met 'n minimum-bedrag van een maand se rente.

S. W. J. LIEBENBERG.

---

1st February, 1963.

At the first Council Meeting of the year 1963, which is also the first that I have presided over since my return to Stellenbosch earlier this month, the old habit has returned of wondering how it is possible that after a meeting

which tries to dispose of an agenda and within a matter of weeks, a new agenda with certainly no less than 100, more likely 150 to 200 items must be presented, together with all the statistics and schedules and special reports and circulars that concern the Municipality. Obviously, however, it cannot be otherwise — every day brings new letters, new requests, new signs of development and with growth and development new problems.

Local building activity is the measure whether growth or stagnation is taking place and it affects all municipal public works and ultimately also Provincial and Government departments.

Building Statistics are kept and forwarded to the Bureau of Census and Statistics. Naturally all buildings for which plans are approved cannot be carried out during the year of approval, but I have found it satisfactory to compare the yearly estimated value of buildings which the plans show.

One has heard of a slowing down of building activities in other towns, but at Stellenbosch they show a tendency to increase. The value of buildings shown on plans submitted over the last three years was as follows:

For the year 1960: R1,618,748.

For the year 1961: R1,651,620.

For the year 1962: R1,750,835.

The estimated value of buildings which will be non-rateable is R1,022,355 and of those which will be rateable is R728,480.

**THE MILL IN MILL STREET**

The Council has resolved to grant the demolition permit applied for by Messrs. O.K. Bazaars.

Various matters arising from this decision have been referred to the Museum Committee as the importance of the site in relation to surroundings is fully realised.

**THE UNION PARK TOWNSHIP**

The Provincial Administration has now also approved the lay-out for the proposed school sites between Jan Marais Park and the actual Union Park Township and provision is being made for a few plots on which businesses could be established, if found desirable, and for two plots for government purposes, for instance for the police and for a post office.

**ROAD SAFETY**

The Council has, on the suggestion of the Road Safety Association of South Africa decided to take part in an inter-

town competition towards securing the greatest possible reduction in the number of road accidents during the year 1963.

As far as the Council is concerned its Traffic Department has this matter in mind and does all in its power to obtain the best possible results as from the 1st of January. I need not emphasise that the co-operation of the public is absolutely essential. So I hope our people will accept the challenge, be on their mettle and, as so often in other cases, show what Stellenbosch can do. Not only would I be proud to accept the trophy which is offered for the most successful town but I would like to be able to rejoice with the rest of the community at a reduction in the number of accidents and of the sorrow and suffering which they cause.

As a matter of interest, there have been 254 accidents reported during the year 1962. Of these 7 were fatal. 90 people, mostly pedestrians, were injured. There were 11 "hit and run" cases, two of which had fatal results.

In the 254 accidents 457 people were involved of which 111 belong to the age group 21—25 years. This figure far exceeds that for any other age group, as the following reveals:

| Age group | Number of persons involved |
|---|---|
| 0—15 | 31 |
| 16—20 | 51 |
| 21—25 | 111 |
| 26—30 | 49 |
| 31—35 | 46 |
| 36—40 | 45 |
| 41—45 | 22 |
| 46—50 | 37 |
| 51—60 | 41 |
| 61 | 11 |
| Unknown | 13 |
| | 457 |

The Traffic Department feels that, provided the public responds, these numbers could be reduced.

The public is cordially invited to pay a visit to the office of the Traffic Department in Smuts Street and acquaint itself with the accident problem.

A third of the accident figures involves people domiciled outside Stellenbosch.

S. W. J. LIEBENBERG.

8 Februarie 1963.

**BEHUISING**

Daar word sonder verposing daaraan gewerk om die besluite van die Raad wat hierdie saak betref, tot uitvoering te bring.

Die feit dat die Nasionale Behuisingskommissie 'n kantoor in Kaapstad gestig het, waar behuisingskemas en aansoeke om fondse afgehandel kan word, sal sake vir ons baie vergemaklik. Dit het nou moontlik geword om in persoonlike aanraking met die verantwoordelike beamptes te kom en om aan hulle sekere spesiale vereistes vir behuising op Stellenbosch te verduidelik wat ontstaan as gevolg van klimatiese toestande — veral die reëntyd gedurende die wintermaande.

Ons het die belofte van dié kantoor gekry dat hulle alles in hulle vermoë sal doen om sake vir ons te bespoedig.

Op hierdie stadium is dit die beleid van die Behuisingskommissie om vir die grootste moontlike getalle, gesonde behuising te verskaf, al is dit in die aard van die saak dat alles wat nie absoluut dringend noodsaaklik is nie, weggelaat moet word. Die wat belang stel in hul tuistes, sal dit in die loop van die tyd verder kan verbeter.

Op die oomblik word die aandag op uitbreidingsmoontlikhede in Idasvallei toegespits, maar voorbereidings word ook getref vir die beplanning van die gebied in die vallei van die Plankenbrugrivier, ook die Cloetesdalgebied genoem. Om dit te vergemaklik en die nodige basiese gegewens te verkry, sal binnekort verdere fotogrammetriese kartering van die betrokke gebiede plaasvind.

**VERSKAFFING VAN BANTOEBIER OP SONDAE**

Daar is heelwat publisiteit in die dagblaaie verleen aan die indiensneming van die nuwe gebou in Kaya Mandi waar Bantoes hulle drank en maaltye kan geniet.

Om 'n algemene misverstand uit die weg te ruim, wil ek dit net weer onder die publiek se aandag bring dat die verskaffing van Bantoebier op Sondae saam met etes van 2.00 nm. tot 5.00 nm. geskied en 'n algemene instelling deur die land is.

Bantoebier word beskou as 'n voedsel en dien ook as sulks vir die Bantoe, aangesien die hoofbestanddele kafferkoring en mielies is.

**TUSSEN-STEDELIKE KOMPETISIE VIR DIE VERMINDERING VAN ONGELUKKE**

Ek het in die vorige uitgawe die een en ander vertel oor die toestand op Stellenbosch en, in belang van die goeie

saak, is ek voornemens om verder die een en ander te vertel en bekend te maak, wat mag bydra tot die kennis wat nodig is om die publiek te beveilig en die doel te bereik.

Die gegewens wat aan my vertrek is omtrent die waarskynlike redes vir ongelukke wat die meeste voorkom, is soos volg:

| *Aantal ongelukke* | *Waarskynlike Oorsaak* |
|---|---|
| 5 | Bestuur onder die invloed van drank. |
| 17 | Te na aan die voertuig voor jou ry. |
| 9 | Verontagsaming van stopstraat-tekens. |
| 11 | Versuim om duidelike tekens te gee. |
| 9 | Onoordeelkundige of nalatige verbysteek van voertuie. |
| 10 | Oortredings deur voetgangers. |
| 16 | Nalatige agteruitry met parkering. |
| 10 | Oorsteek van aansluitings sonder behoorlike voorsorg. |
| 25 | Regsdraai sonder behoorlike voorsorg. |

Na aanleiding van nr. 2 word aan die hand gedoen dat die bestuurder van 'n voertuig een karlengte tussen hom en die voertuig voor hom moet hou vir elke tien myl per uur wat hy ry.

Hierdie afstand geld net vir die lae snelhede waarteen 'n persoon in 'n dorp of stedelike gebied ry.

**HEENGAAN VAN MEV. MARGARET (MAGGIE) ROUX**

Die afgelope paar jaar was dit die voorreg van die rubriek om mevrou Roux en haar familiebetrekkinge geluk te wens met haar verjaardag, eers toe sy die hoë ouderdom van 100 jaar bereik het, en weer toe sy haar 101ste verjaardag kon vier.

Sy is op 4 Februarie 1963 oorlede, en ons neem nou met innige eerbied afskeid van hierdie alombekende en hooggeagte lid van ons samelewing.

S. W. J. LIEBENBERG.

---

15th February, 1963.

**TOWN AND COUNTRY**

During the meeting of the Council last Tuesday, my gaze was frequently attracted to a decoration on the flower stand which the Council values so highly because it is a present, as the inscription shows, of the gracious ladies of our Vroue-Landbou-Vereniging. This time, however, and for the first

time, the decoration did not consist of flowers. A young member of our staff to whom Stellenbosch is more than just the town itself, had created a beautiful decoration in which he had used vine branches and grapes and even some "stompies". To me this decoration symbolises a very happy state of affairs for our town where there are such strong ties with our farming community. Who, that lives at Stellenbosch could use our country roads without deep enjoyment at the sight of our lovely, great vineyards which are spread like a mat of the most beautiful green over the country side with its enchanting background. When the time of the great harvest approaches, we, although not all of us are actively concerned, experience the excitement of anticipating the cutting of the grapes and their processing. I join in the hope that the harvest will be good, that the weather will be fine and that the farmers will be well rewarded for their toil.

It is not without envy that I realise how different the work of the farmer is to that of the Municipality. His decisions can be taken without delays necessitated by so many consultations and needs to obtain authority.

There is one deciding factor and that is the passing of the seasons about which there can be no argument.

## TRAFFIC ARRANGEMENTS

### (a) Post Office Circle

The traffic volume count taken during 1962 showed that a total of 11,000 vehicles passed through this intersection during a twelve-hour period. It has been noticed that traffic movement is becoming increasingly difficult during peak hour periods due to the congestion which takes place around the circle. In order to facilitate the flow of traffic Council has decided to erect two yield signs in Bird Street so that vehicles in the intersection will receive the right of way. Motorists travelling along Bird Street from north to south and vice versa are requested to co-operate and yield the right of way to traffic coming from their right. It is pointed out that the Motor Ordinance lays down that a motorist may not pass a yield sign at a greater speed than 10 miles per hour. The success of this arrangement will depend on the co-operation of the public, which I am sure will be forthcoming.

### (b) Bird Street

Council has found it necessary to improve the sewerage connection between two manholes in Bird Street and construction will be started on Monday, 18th February, 1963,

in the section between Latsky Street and Merriman Avenue. Special traffic arrangements will have to be made because this construction will take place in the centre of the roadway. The portion of Bird Street between Banhoek Road and Merriman Avenue will become a one way movement during the period of construction. Motorists travelling south along Bird Street will be required to turn left into Banhoek Road and gain access to Bird Street again via Andringa Street/Merriman Avenue. Traffic proceeding north along Bird Street will not be affected. The co-operation of road users in complying with traffic signs would be appreciated. In addition to this arrangement a temporary sign will also be erected at the junction of Molteno Street and Bird Street so that through traffic to Cape Town can make use of Adam Tas Road.

## PUBLIC HEALTH

### (a) Anti Poliomyelitis Campaign

Now that the worst heat is over clinics will again be held every Thursday afternoon between 3 to 4.30 p.m. in the Andringa Street side passage of the Town Hall. It is hoped that the public will make further use of the facilities which are provided free of any charge.

### (b) Tuberculosis Clinic

The clinic which has been established for the time being at the former health centre off Merriman Avenue on the Krom River Estate has proved a boon and a blessing to those who are conducting the tuberculosis clinic. Not only can the medical and health staff operate under favourable conditions but those attending the clinic need not experience the hardships and complete lack of amenities at the old clinic at the town hall, where Sister Grosskopf remains in charge. Not only is the work on the spot at the new centre so much more satisfactory but all other arrangements which are necessary in connection with the treatments to be administered, can be made immediately and without delay and inconvenience to the patients whose welfare must always be the first consideration. At the same time experience has shown that there should be no inconvenience to the neighbourhood.

S. W. J. LIEBENBERG.

PRO EC. 2/63—4798